### *Die herinnering van Cornelius aan die geboorte van die Meester*

**179** **Cornelius** dink `n tydjie daaroor na en sê uiteindelik vol verwondering: "Meester, Meester, - ja, goed goed, ja! Maar dit verander ewiglik niks aan die feit dat ek dit nooit werd sou wees dat U in my huis sou kom nie! Want net U is die Een, waarvan die groot Judese koning Dawid, wie se Psalms ek reeds in my jeug gelees het, dit voorspel het toe hy praat: 'Maak die poorte wyd en die deure hoog, dat die Koning van die ere binne kan kom! Wie is die Koning van die ere! Hy is JaHWeH Sebaot, magtig in die stryd!" (Psalm 24: 7-8)

[2] Soos gesê, het ek dit reeds in my jeug geweet en merkwaardig: Dit moes so wees dat ek getuie was van U geboorte in Betlehem, en tewens hy wat U aardse ouers `n vlugweg aangegee het voor die meedoënlose agtervolging van die ou Herodus.

[3] Maar ek was toe eers vyf en twintig jaar oud en ek is nou ruim dertig jaar ouer en ek het gedurende die tyd baie deur- en meegemaak, ek het baie gesien, gehoor en ondervind. Maar ondanks dit alles, bly die wonderlike woorde van Dawid en U geboorte en al haar byverskynsels my so lewendig by, asof ek dit eers gister of eergister persoonlik meegemaak het. En intussen hoor ek weer: 'Maak die poorte wyd en die deure van die wêreld hoog, dat die Koning van die ere binne kan trek! Wie is die Koning van die ere? Hy is JaHWeH Sebaoth, magtig in die stryd!"

[4] En heimlik het ek reeds die teks by U geboorte uitgespreek. En toe U my kneg genees het en ek vervolgens die baie groot guns gehad het om U te ontmoet, hou ek my in my hart, dat om U bo alles te eer en lief te hê, hierdie verse voor! En daarom sê en getuig ek dit ook nou, dat U alleen die groot ewige Koning van die ere is waaroor die wyse, groot koning van die Judeërs op `n profetiese wyse gesing het! En indien U nie die koning Sebaoth is nie, hoe sou U dan só oor die mense van die aarde kan praat, soos wat U so pas gedoen het?!

[5] Ja, as U gewyde woorde ook maar so muurvas in ons geheue kon gebly het! Maar by my was my geheue helaas nooit my sterkste punt nie. Die hoofsaak egter, dit is die kern, onthou ek wel! Maar dit wat U ons nou vertel het, lê ver buite elke menslike begrip, en hoewel ek heelwat verstaan wat daarmee bedoel word, kom dit heeltemal as `n helder droom vir my voor, en dit sal my moeite kos om dit tuis so duidelik moontlik aan my huisgenote uiteen te sit. My geheue kan nie alle punte so woord vir woord bewaar soos dit deur U gewyde mond uitgespreek is nie."

[6] **Ek** sê: "O, dit kan vinnig en eenvoudig gedoen word! Kyk, daar het ons tog die engel Rafael, laat hom maar `n paar velle goeie perkament nadertrek en hy sal My hele toespraak, wat besonder belangrik is, dadelik vir jou opskryf!"

[7] Met die grootste genot in die wêreld roep Cornelius dadelik sy bediendes en laat ongeveer twintig velle baie goeie perkament, swart kleurstof en `n goue skryfstif bring.

[8] Die engel raak slegs die perkament aan met die skryfstif wat in die swart kleurstof gedoop was en oombliklik is al twintig velle in die regte verhouding geskrewe.

[9] Toe gee die engel die twintig velle ter insae aan Cornelius, wat grensloos verbaas was dat die engel alles so onbegryplik vinnig op papier neergesit het. Want Cornelius was nog geen getuie gewees toe Rafael by vroeëre geleenthede staaltjies van sy snelskrywery kon toon nie. Daarom was hy dan ook so buitengewoon verbaas dat hierdie engel so wonderbaarlik vinnig klaar was met die uitskryf van die woorde wat deur My uitgespreek was, en dit nog wel in die Griekse en Latynse taal en so woordeliks, dat geen lettertjie daarvan ontbreek het nie.

[10] Dit trek ook baie die aandag van Kisjonah, Faustus en die bekende Philopold en dit veroorsaak baie verbasing by hulle. Die erg weetgierige Philopold begin Rafael te ondervra hoe dit moontlik was om so iets met so `n enorme snelheid op te skryf.

[11] Maar **die engel** sê: "Vriend, dit is ons altyd met die hulp van Elohim baie goed moontlik, - maar om die hoe daarvan aan u uit te lê, is heeltemal onmoontlik. Elke volmaakte gees besit die eienskap om nie alleen so `n geskrif, maar om elke handeling waar krag by aangewend word, ook al is dit hoe groot, in `n oogwink uit te voer. As u `n berg of `n baie omvangryke gebergte verwoes of vernietig wil hê, of `n meer drooggelê, of `n see tot land gemaak, of `n hele aarde vernietig, of die duisendmaal duisend maal groter son, of as u my na één van die verste verwyderde sterre wou stuur en `n bewys sou vra of ek werklik daar was, dan sou ook dit in `n so kort oomblik kan gebeur, dat u nie met u sintuie sou kon waarneem dat ek ook maar eers afwesig was nie. Wel, hoe dit gebeur en kan gebeur, kan slegs die suiwer gees verstaan!

[12] As u geestelik heeltemal wedergebore sal wees, sal u dit ook verstaan, insien en self kan doen, maar solank u nie in die gees wedergebore is nie, kan u die eienskappe van die suiwer geeste onmoontlik verstaan, ook al sou ek dit hoe duidelik vir u laat sien! Maar vra uself eers af, hoe u gedagte in `n flits van hier na Rome of Jerusalem kan gaan, en ook weer terug hier na u toe! Vriend Philopold, as u dit vir my kan verklaar, dan sal u ook gou my snelheid verstaan."

[13] **Philopold** sê: "Ja, ja, glansryke, wonderbaarlike engelwese, die gedagte flits wel heen en weer, en niemand kan haar snelheid meet nie, maar die gedagte skep niks werklik nie, sy vorm `n baie vlugtige beeld. As iemand sy gedagte gerealiseer wil hê, moet hy dit moeisaam met sy hande uitvoer, en dit duur dan lank voor die beeld van die gedagte in die werklikheid sigbaar word. Maar by jou is die gedagte ook op wonderbaarlike wyse al `n voltooide werk. Kyk, daar lê tog wel `n geweldige verskil tussen my en jou gedagtes!"

### *Die taak van engele en mense*

**180** **Die engel** sê: "Heeltemal geen verskil nie! Laat u gees eers die wedergeboorte bereik, en u gedagte sal in alles wat op die goddelike orde gebaseer is ook as `n heeltemal volmaakte, goddelike wonderwerk `n realiteit wees!

[2] Glo nie dat dit ek is, wat hier handel en doen nie, maar alles gebeur en word bewerk deur die Gees van die Meester, wat feitlik my innerlike wese is en vervul. Ons engele is van oorsprong af niks anders as uitstralingspunte van die goddelike Gees nie! Ons is in `n sekere sin die gepersonifieerde, baie kragtig werkende wil van Elohim. Ons woord is wat Hy sê en ons skoonheid is `n geringe weerspieëling van Sy oneindige Glansrykheid en onmeetbare majesteit.

[3] Maar ook al is JaHWeH Elohim in Sy wysheids- en magsmajesteit oneindig, tog is Hy in die Liefde van die Vader hier as `n beperkte mens by, en te midde van julle. En juis hierdie Liefde, wat Hom Self tot mens gemaak het vir julle, maak ook ons engele tot mense vir julle, omdat ons andersins slegs lig en vuur is, na buite flitsende deur al die eindelose ruimte as groot skeppende gedagtes, vervul met die woord, die mag en die wil van ewigheid tot ewigheid!

[4] Dit is egter die Gees en nog meer die eie liefdesvlam uit die hart van Elohim wat maak dat julle feitlik egte kinders van Elohim kan word, dit kry julle mense van hierdie aarde eers nou, en daardeur is julle onuitspreeklik bevoorreg bo ons, en ons sal julle weg ook moet gaan om aan julle gelyk te word.

[5] Solank ons engele almal so bly soos wat ons nou is, is ons niks anders as arms en vingers van die Meester nie, en roer en beweeg ons eers om te tree as ons deur die Meester net so bestuur word, as wanneer u u hande en vingers aan die werk sit. Alles wat u aan my sien, behoort aan die Meester. Ons het niks van onsself nie, - alles aan ons is eintlik die Meester Self.

[6] Maar u is geroep en voorbestem om heeltemal selfstandig so te word soos wat die Meester Self is. Want aan u sal die Meester nog sê: 'Julle moet in alles net so volmaak wees soos wat julle Vader in die hemel in Sy eindelose volmaaktheid is!

[7] Maar eers wanneer die Meester dit vir julle mense sal sê, sal julle volledig besef tot watter eindeloos grootse dinge julle geroep en voorbestem is, en wat `n oneindige verskil daar dan tussen julle en ons bestaan!

[8] Nou is julle weliswaar nog maar embrios in die moederlyf, wat met hul eie minimale lewenskrag geen huise kan bou nie. As jy egter uit die ware moeder-liggaam van die gees wedergebore word, sal jy ook dit kan doen wat die Meester doen!

[9] Ek sê vir julle nog iets wat die Meester Self aan julle sal sê as julle volledig lewend in die geloof en in alle liefde tot Hom sal bly. Kyk, dit sal Hy aan julle sê: 'Ek doen groot dinge vir julle, maar julle sal nog groter dinge doen vir alle mense!"

[10] Sê die Meester dit ook somtyds aan ons? O, beslis nie, want ons is tog net die wil en die daad van die Meester, teenoor wie die Meester dan as te ware teen Homself sou getuig, sou julle dit in die vooruitsig wou stel.

[11] Maar Elohim se eindelose Liefde, Barmhartigheid en oorgrote Erbarming sal ook mettertyd vir ons engele `n weg aanwys waarop ons volledig gelyk-waardig aan julle sal word.

[12] Die weg wat die Meester nou Self gaan, sal nog die weg van alle oergeskape geeste van alle hemele word. Dit sal natuurlik nie vandag of more gebeur nie, maar geleidelik, gedurende `n altyd deurgaande verloop van die nooit as te nimmer êrens eindigende ewigheid nie, waarin ons uit Elohim soos in `n oneindige groot kring op en af, en heen en weer gaan, sonder om ooit by die uiterste rand te kom. Maar ook al laat iets so lank op hom wag, dit gebeur uiteindelik tog omdat dit getrou en waaragtig tuishoort in die groot orde van Elohim. Wat homself eenmaal daarin bevind, gebeur ook, - die 'wanneer' is werklik nie so belangrik nie! As dit eenmaal gebeur het, dan is dit daar, asof dit altyd daar was.

[13] U, vriend Philopold, was honderd jaar gelede nog nie gebore nie, en was dus nie daar soos u nou daar is nie. Maar voel u nie asof u al vir altyd hier was nie? Slegs die koele berekening van u verstand sê vir u dat u nie altyd daar was nie, maar u gevoel en u baie lewendige gewaarwording toon aan u die volslae teendeel.

[14] Ook sê u koele verstand dat u eers sal moet sterf en daarmee dat al dit wat u nou is, vir altyd en ewig van hierdie aarde sal verdwyn. Maar vra daarenteen u gevoel en u gewaarwording, die twee sal van `n sterf- of vergaanproses op hierdie aarde niks weet en daarvan ook niks wou weet nie.

[15] Wel, wie het dan die gelyk en die waarheid aan sy kant, - die koele verstand of die warm lewens-gevoel? Ek sê vir u: Beide, sowel die verstand as die warm, selfbewuste lewensgevoel! Die verstand as geordende harsingsbiblioteek van die siel sal met die verdwyning van die liggaam verseker ook verdwyn. Tesame met die ander dele van die liggaam en die ledemate moet sy stoflike waarnemings- en bereken-ingsvermoë, omdat dit verganklik is, ook die verganklikheid in hom voel. Maar dit is anders met die lewensgevoel en met die homself-bewus-wees omdat dit geestelik is en uit Elohim kom, daarom nooit `n begin gehad het nie en daarom ook nooit kan eindig nie!

[16] Daarom kan die siel haar in haar stoflike toestand onmoontlik voorstel dat sy, as `n verganklike iets, eenmaal sal ophou om te bestaan nie. En daardeur word dit altyd ligter in die siel. As sy dan heeltemal één geword het met die gees uit Elohim wat in haar woon, word die lewensbesef so helder en magtig dat die gevoel van verganklikheid, voort-komend uit die koele berekening van die verstand, elke betekenis en elke krag verloor.

[17] Dit kom deurdat die Gees van Elohim, wat alle lewenskragte van die siel deurdring, ook die dele van die liggaam waar die senuweegees* homself bevind, deurdring en daarmee elke verganklikheidsgevoel ontneem. En dit gebeur omdat deur die gees ten slotte uiteindelik alle eintlike, eteriese, liggaamlike lewensstowwe, netsoos die lewenskern van die siel, onsterflik word. *(*Die senuweegees verbind die liggaam met die siel.)*

[18] Philopold, u sal, omdat u ook van bo afkomstig is, nou maklik kan verstaan dat `n gees alles kan verwag, en dat geen enkele tydsduur eintlik iets vir hom beteken nie. Eenmaal sal daar na hom, volgens die orde van die Meester, tog ook die seënryke beurt kom, en dan is dit maar `n vraag watter deel van die ewigheid vir hom die langste sal wees, - die deurleefde deel waarin `n mens aktief was, of die toekomstige deurlewende deel, waarin `n mens nog aktief moet word?!

[19] Nou is ek nog wel dit wat ek is, en die skynliggaam is nog lank geen vlees en bloed wat met `n wesenlike siel deur verwekking en geboorte ontstaan het nie. Maar dit is tog al `n sekere bena-dering daarvan, en die tyd tot die volle verwerkliking van die barmhartigheid sal nie so lank op hom kan laat wag nie en dan sal ek word wat u nou is!

[20] Prys my daarom nou nie omdat u my iets wonderbaarlik sien doen het nie. Want omdat ek eintlik nog geen persoon is nie, maar omdat ek alleen maar die wil van die Meester is, moet slegs die Meester Self geroem en geprys word vir die wonder, want Hy kan dit en nog oneindig groter dinge doen sonder om my verskyning daarby te gebruik.

[21] Maar Hy is nou juis die Een wat die gewyde groot toespraak vir Cornelius gehou het, wat ek toe vir hom opgeskryf het. Jy ken Hom wel vanaf Kana by Kis en sal Hom nou nog beter leer ken. - Daar sal nou egter dadelik iets gebeur waarby Hy weer suiwer lewenswoorde sal spreek."